RPO
Nasionaal
National

Tel: (+27) 12 349 1102
Faks/Fax: (+27) 12 349 1054
E-pos/E-mail: rpo@lantic.net
Quinton Brandstraat 2 Quinton Brand Street
Eulophia Corner, PERSEQUOR PARK 0020
Posbus/PO Box 132
PERSEQUOR PARK 0020

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

RPO VERWELKOM TAAKGROEP BELAS MET BIOSEKURITEIT

Die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het met dank en waardering kennis geneem van die aanstelling van 'n taakgroep belas met diere-biosekuriteit deur die Agbare Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, me. Thoko Didiza.

Die RPO wens die lede van die taakgroep geluk en bied sy volle samewerking aan met dié belangrike aangeleentheid.

"Die rooivleisbedryf word as die slapende reus in Suid-Afrikaanse landbou gesien, maar die voortdurende uitbrekings van bek-en-klouseer staan in die pad van die sukses van dié bedryf. Die bedryf is 40% getransformeer en kan 'n groter bydrae lewer om die landbousektor se bruto binnelandse produk (BBP) te laat groei en om inkomste- en voedselsekerheid te bewerkstellig, maar dan sal bek-en-klouseer onder beheer moet wees," sê mnr. James Faber, voorsitter van die nasionale RPO.

Suid-Afrika het sy bek-en-klouseer vrye sone status by die internasionale dieregesondheidsorganisasie, die OIE, verloor en dit sal ongeveer vyf jaar se harde werk verg om dit heringestel te kry. Dit kan net gedoen word indien 'n meer indringende strategie gevolg word.

"*Business as usual* sal dus nie goed genoeg wees nie," aldus mnr. Faber.

Die RPO is gereed om met die nasionale en provinsiale departemente saam te werk om ‘n nuwe strategie uit te rol. Die RPO is instrumenteel in die funksionering van die nege provinsiale Dieregesondheidsforums en is ook ‘n lid van die nasionale Dieregesondheidsforum. Dié strukture behoort ‘n groot rol te speel in die uitspeel van ‘n nuwe strategie.

Die daarstel van biosekuriteitsmaatreëls by veeveilings, wat sedert 1 Julie 2021 geld, is ‘n bemoedigende stap in die regte rigting.

Volgens mnr. Faber het die plaaslike ontwikkeling en beskikbaarstelling van entstowwe teen bek-en-klouseer nou noodsaaklik geraak.

Die rooivleisbedryf is in aanloop tot ‘n nuwe aansoek vir ‘n statutêre heffing en biosekuriteit in die bedryf is as een van die prioriteite geïdentifiseer. Die RPO meen bek-en-klouseer beheer moet as ‘n spanpoging tussen die bedryf en die staat aangepak word en die nodige kapasiteit sal geskep moet word om privaat/publieke vennootskappe te ondersteun.

“Die koste om bek-en-klouseer te beheer, is gering as dit vergelyk word met die verwesenliking van die potensiaal van die bedryf. Huidige rooivleis-uitvoere kan tot soveel as 20% van produksie groei, en dit is in nasionale landsbelang,” sê mnr. Faber.

- ooo O ooo –

DATUM : 26 Augustus 2021

NAVRAE :

Mnr James Faber
Voorsitter
Sel : 083 292 2556
Epos : rpo@lantic.net

Mnr Gerhard Schutte
HUB
Sel : 082 556 7296
Epos : gerhard@rpo.co.za